Sondag, 16 Mei 2021
6e Sondag ná Pase

"Ek glo in God."
Deur die Gees ingenooi na 'n dieper verstaan, verbintenis aan en belewenis van ons geloofsbelydenis.

"Geloof, egter, is sekerheid van die dinge wat gehoop word, 'n bewys van die dinge wat nie gesien word nie... Deur geloof is Henog weggeneem, sodat hy nie die dood gesien het nie, en 'hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het.' Want voordat hy weggeneem is, is van hom getuig 'dat hy God behaag' het. Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan, en dat Hy dié beloon wat Hom soek."
(Hebreërs 11:1, 5-6)

In die somer van 1946, soggens vroeg voordat die stootskrapers en vragmotors die puin van hul verwoeste stad Bonn begin opruim het, en ná die sing van 'n Psalm of gesang, het die Duitse teoloog Karl Barth die eeue-oue geloofswoorde van die Christelike belydenis aan sy studente uitgelê. Ons leef tussen die tye, het hy gesê; gister is verby, vandag ontwrig en môre onbekend – in sulke tye (soos nou hier by ons) vra mens na die diepte, na die vastigheid van 'n geloofsbelydenis. Wat glo ons regtig?

Dit val mens op dat dit telkens deur die geskiedenis heen gebeur het wanneer die waarheid van die Evangelie en gelowiges se verbintenis daaraan bedreig is. Só het die Nederlandse Geloofsbelydenis – vier eeue tevore in 1561 toe Belgiese Protestante bloedig vervolg is – met die woorde begin: *"Ons glo dat daar 'n enkele geestelike Wese is wat ons God noem... ewig, volkome wys, die fontein van alles wat goed is..."* In die jare toe sy stadjie Hippo in Noord-Afrika deur vandale bedreig is en die Romeinse Ryk wankel, herinner hul pastor Augustinus die gemeente aan die vaste woonplek van God (Ps. 46) omdat *"Ons glo in God,... Heerser oor alle eeue, onsterflik en onsigbaar..."* En só in die voorafgaande twee eeue – in tye van vervolging en vervreemding – toe die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Geloofsbelydenis van Nicea frase vir frase formeer is: *"Ons glo in een God..."* Geen triomfantlike woorde nie, maar innig betuig, in die aangesig van moeilike omstandighede.

En dít is presies waarom die onbekende skrywer van die **Brief aan die Hebreërs** iewers rondom 80 n.C. – 'n halfeeu ná Jesus se kruisiging, opstanding en hemelvaart – sy (òf háár) lesers wou bemoedig. Gemeentetjies en gelowiges in aanvegting en moedverloor: Was dit wat ons gehoor het oor Jesus, regtig waar? Waarom het Hy nog nie teruggekom nie? Was dit uiteindelik die moeite werd om ons eiendom en veiligheid op te gee en as Christene te probeer leef? Dis vir húlle – gemarginaliseerdes – dat die herinnering kom: *"Om te glo, is om die onsienlike te sien..."* (Heb. 11:1). Word hulle herinner aan – onder andere – Henog, wat "voor God se aangesig gewandel het", in geloofsvertroue dat God Hom laat vind deur elkeen wat soek. Elkeen wat maar stamelend sê, gedagtig aan sy of haar eie kleingeloof: "Ek glo in God..." **Credo in unum Deum**. Vir ons.

JL.

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis dr. Johan Cromhout; die gesinsdiens in die saal deur ds. Johan Marais. Die erediens is ook vooraf opgeneem en word via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *YouTube-kanaal* na alle lidmate uitgestuur.

LITURGIE VIR DIE PINKSTERREEKS

Sien afsonderlike bladsy vir die liturgie en inligting oor ons Pinksterreeks.

Ander Eredienste:

Sondag, 16 Mei	18:00 – ds. Jan Lubbe (Pinksterreeks II)
Maandag tot Donderdag	18:00 – ds. Jan Lubbe (Pinksterreeks III-VI)
Sondag, 23 Mei	09:30 – ds. Jan Lubbbe (Pinksterreeks VII); gesinsdiens in saal – teol.std. Lunette Visser.
	15:00 – teol.std. Steve Bopane (Sothodiens)
	18:00 – Wyks/Huisbyeenkoms, deur ds. Johan Marais.

Die huidige inperkingsmaatreëls maak voorsiening dat ons die helfte van vloerspasie kan benut wat beteken ± 220 lidmate in oggenddienste in die kerk en 80 in die saal. Ons is bewus van berigte dat 'n derde vlaag van Covid-19 tans oor ons stad en provinsie breek en doen daarom 'n beroep op alle lidmate om orals en te alle tye versigtig op te tree en veiligheidsreëlings (afstand, maskers, handreiniging, goeie ventilasie) te handhaaf.
Ons sal u weekliks per sms inlig oor reëlings vir ons komende eredienste.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende twee weke verjaar:

16 Mei	Lettie Kok.
17 Mei	Betsie Barkhuizen, Nico J v Rensburg, Celesté Groenewald, Charl Malan, Cheryl Zietsman en Zanie Bester.
18 Mei	Saai Pienaar, Pieter Joubert, Hans Weber, Suné Foord en Lihan Botes.
19 Mei	Rietjie Butler en Devan Oberholzer.
20 Mei	Toy Strydom, Willem de Villiers, Conrad J v Rensburg en Laroché v Zyl.
21 Mei	Daniël du Plessis en Franzel v Zyl.
22 Mei	Marina Nel en Duan Kymdell.

Terwyl by gelukwense: Henk Zeeman en Hannelie Fraser se huweliksbevestiging vind vanoggend net ná die diens hier in die kerk plaas – ons bid hul die Here se seën toe.

Ons dink in gebed aan lidmate wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Conna Lups (Deanelaan 15, wyk 20a); Philip Kühn (Plettenbergstr. 7, wyk 14); Kobus Smit (Clydesdale 9, wyk 18a); Oom Donald Laas (Fluenta 18, wyk 8c) en Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Dit gaan beter met klein Juandré Veldman, die seuntjie van Izahn en Reinhardt (Berghlaan 46) – dankie vir almal se meelewing.

Ons verwelkom ook graag by ons, Tannie Lorraine Bosch (Sewe Damme 142, wyk 8a) uit die Kaap, en wens haar 'n geseënde verblyf hier in ons midde toe.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Die Mannegebedsgroep tree in vir ons gemeente, land en mense – kontak ds. Johan (084 517 8052) indien jy by die whatsappgroep wil inskakel en vir die gebedsversoeke.
'n Gemeentegebedsgroep bid gereeld saam oor aktuele sake vir ons land – kontak Elise Ferreira (082 846 2574) om meer inligting te ontvang.
Die Woensdagaand-Bybelstudiegroep "vergader" nie hierdie week (Pinksterreeks).
Die Donderdagoggend-Bybelstudiegroep lees en dink na oor *Wanneer God beeldryk praat oor sy kerk...* Om aanlyn hierby in te skakel, kontak ds. Johan by 084 517 8052.

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg:

Wyke 1-10	– ds. Jan Lubbe (082 784 9362)
Wyke 11-20	– ds. Johan Marais (084 517 8052)

As leraars (en ouderlinge) wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig; indien daar 'n behoefte vir pastorale ondersteuning of gesprek is, kontak ons.

Gasvryheidsbeurte, sorg-en-omgee:

In Mei staan **Wyke 1** (Suidelike grens, bo teen Grant's Hill) en **2** (Noordelike hang van Grant's Hill) in vir ons bediening van gasvryheid, sorg en omgee – indien jy wil help, kontak gerus die kerkkantoor of Rita (083 656 1680).

Kantoorure:

Maandae en Woensdae van 09:00-12:00 (Rita van Zyl) en Vrydae van 09:00-12:00 (Adri van den Berg). Alle personeel is deurgaans per foon bereikbaar.

BEDIENINGE

Bedieningsvergaderings:

Baie dankie aan alle lidmate en kerkraadslede wat die afgelope twee weke ons groot bedieningsvergaderinge bygewoon het, en vir jul insette. Ondersteuningsbediening se drie komitees vergader volgende week:

Dinsdag, 25 Mei 17:30	Komitee vir Eiendomme (Jeugkamer)
	Komitee vir Diensverhoudinge (Konsistorie)
Donderdag, 27 Mei 17:30	Komitee vir Geldsake
Maandag, 31 Mei 18:00	Bestuursraad

GEMEENTEBEDIENING

Pinkster 2021:

Sien die ingeslote program-inligting by vandag se Fokus vir alle besonderhede oor die Pinksterreeks hierdie week, en wat volgende Sondag, 23 Mei 2021 'n hoogtepunt sal bereik. In samewerking met ons Getuienis/Barmhartigheidsbediening en ENGO loods ons 'n groot noodlenigingsprojek om behoeftiges in Bloemfontein aan nie-bederfbare kruideniersware te help – sien die uitstalling en houers van ENGO in die voorportaal van die kerk. Van die kant van die Vrouekomitee word ook voorgestel dat lidmate kan bydra tot die "Bottels vol Hoop" – sien die "resep" hieronder. Wat jy benodig om self te meng of die bestanddele kerk toe te bring, is leë koffiebottels (sien voorbeeld), rys, sop-poeier, lensies en geurblokkies (stock cubes)...

Werkersklas:
Die Werkersklas gaan hierdie Woensdag, 19 Mei om 14:00 vir ‘n eerste keer byeenkom; alle vroue welkom. Onthou jou gesigmasker.

Gemeentemark:
Ons het ‘n groot hoeveelheid voorraad aan bruikbare klere (nog skenkings welkom!), en gaan daarom ‘n volgende mark op Vrydag, 28 Mei 2021 aanbied.

EREDIENS- EN DEURKOLLEKTES

Erediens- en deurkollektes, saam met u dankoffer, hou ons eredienste en bedieninge in stand, help met noodleniging en betaal ons ook elke Sondag ‘n bedrag van R 500 oor aan die instansie soos op die program vir deurkollektes vermeld (Vandag, 16 Mei: Vrystaatse Gemeente Ondersteuning).

Jy kan ‘n kollekte of dankoffer na Berg-en-Dal oorbetaal, via die internet (eft) na **ABSA Tjekrek. 470-580-011** of per snapscan –
Baie dankie vir jou bydrae en gebed, en leef met ons visie:

Op berge en in dale, oral voor Gods aangesig...

SnapScan

Meimaand is saam met die Pinkster – Oestyd – ook tyd vir ons **Spesiale Dankoffer** in Berg-en-Dal. Gedagtig aan die impak van Covid-19 en die inperking, het ons nie verlede jaar hierdie gebruiklike insameling gedoen nie. Daar was wél ‘n aantal lidmate wat tóg deur die loop van die jaar addisionele bydraes gemaak het – baie dankie daarvoor. Ons verwag ons geouditeerde state oor die jaar 2020/21 binnekort en sal dit weer ter insae beskikbaar stel. Vir vanjaar se begroting egter, is hierdie Spesiale Dankoffer broodnodig om ons gemeentelike bedieninge te versorg en het die kerkraad ‘n bedrag van R 295 000 as mikpunt daarvoor gestel (wel minder as vorige jare).
In vandag se *Fokus* is die dankofferkoevertjie – kom help ons gemeente daarmee.